# Gesels saam

GRAAD 7-10

## WELKOM

Gesels saam:

- Waaraan is jy baie getrou? Dink byvoorbeeld aan jou skool, 'n sportspan of 'n musiekgroepe.
- Hoekom is dit vir jou maklik om hieraan getrou te bly?
- Wanneer sukkel jy met getrouheid?

## WONDER

Vertel Daniël 6 vir die groep of lees dit saam.

Gesels saam:

- Hoe sou jy gevoel het as jy in Daniël se skoene was? Sou jy ook die Here getrou aanbid het, al sou dit beteken dat jy in die leeukuil gegooi sou word?
- Hoe dink jy sou jy gevoel het terwyl hulle jou nader aan die leeukuil sleep?
- Daniël was getrou aan die Here. Hoe lyk getrouheid prakties in ons lewe?
- Watter praktiese dinge kan jy doen of inoefen om jou in jou getrouheid aan die Here te laat groei?

## WEES

Daniël het aangehou om God te aanbid, selfs al sou dit sy lewe kos. Gebed is 'n belangrike geloofsgewoonte wat ons kan help om aan God getrou te bly.

Stel 'n paar gebedstasies op. Gebruik verskillende sensoriese items om verskillende soort gebede uit te beeld. Gee die jongmense kans om by elke stasie 'n gebed te doen. Almal hoef nie op dieselfde plek te begin nie.

Idees vir die stasies:

- ’n Bakkie water. Druk jou hand in die water en dink aan God wat eerste aan ons getrou bly. Die doop herinner ons daaraan. Sê vir God dankie dat Hy aan jou getrou bly.
- Neem ’n stukkie skuurpapier of iets grofs. Voel hoe grof dit is. Dink aan omstandighede waar dit moeilik is om aan God getrou te wees. Dit is soos growwe plekke wat ons skaaf. As jy nodig het om ’n belydenis te maak of vergifnis te vra, kan jy dit nou ook doen. Bid dat die Here jou sterk sal maak om die uitdagings aan te pak.
- ’n Stukkie tou waarmee die jongmense hulle hande soos boeie kan vasbind. Daniël het vir God in baie moeilike omstandighede (wat hom gebind het) aanbid. Dink aan gelowiges wat ook moeilike omstandighede beleef soos oorlog, of dat hulle nie vir God vrylik mag aanbid nie en vervolg word as gevolg van hulle geloof.

## WEGSTUUR

Laat al die jongmense aan ’n lang stuk tou vashou. Dit simboliseer dat ons as gelowiges aan mekaar verbind is, maak nie saak waar ons is of watter omstandighede ons beleef nie. Ons moet aan God getrou wees omdat Hy aan ons getrou is.

---